higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## VRAGLOGISTIEK
### NKR VLAK 3

(7601034)

**4 November 2022 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.**

058Q1N2204

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Landvervoermodusse sluit in pypleiding, spoor en pad.

1.2 Die koste van die vervoer van goedere van 'n pakhuis na kliënte hang af van brandstofpryse en vragmotor-instandhoudingskoste.

1.3 Materiaalhantering sluit in verpakking of berging van goedere om op 'n later stadium gebruik of vervoer te word.

1.4 Die hoofoogmerk van die tenderproses is om korrupsie te bevorder.

1.5 Kliëntediens moet gemonitor word om effektief en suksesvol te kan wees.

1.6 Wet op Omgewingsbewaring, Wet 73 van 1989, reguleer die bestuur van afvalbuitebande.

1.7 Die vermoë om op enige terrein te kan lewer en die buigsaamheid van skedulering stel spoorvervoer in staat om 'n groot stuk van die vervoermark te verower.

1.8 Diverse arbeidsmark is die grootste uitdaging wat pakhuis- en bergingsbestuur betref.

1.9 Materiaalhanteringstoerusting kan gekategoriseer word as bedryfsvoorraad, dooie voorraad en spekulatiewe voorraad.

1.10 Die verkrygingsproses maak 'n belangrike aspek uit van enige onderneming, en selfs meer in die geval van vraglogistiek.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 2**

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1.–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Die wetenskap van die voorbereiding van eenhede goedere wat vervoer en uiteindelik verkoop moet word | A | aankoop |
| 2.2 | Berging van klein items | B | papierkussings |
| 2.3 | Sluit in dienste, kapitaaltoerusting, materiaal en die bedryf van masjinerie in vervoer | C | bestelling-ontvangsbewys |
| 2.4 | Ontstoke, negatiewe, ongeskikte of aggressiewe mense | D | betaalopsies |
| 2.5 | Goedere wat deur die eindgebruiker, groothandelaar en vervaardiger terugbesorg word | E | verpakking |
| 2.6 | Verpakkingsmateriaal en vulstof | F | voorraadaanpassing |
| 2.7 | Het nie meer enige verkoopswaarde vir die maatskappy nie | G | dooie voorraad |
| 2.8 | Verskillende metodes beskikbaar vir vereffening van aankope | H | moeilike kliënte |
| 2.9 | Stel pakhuisbestuur in staat om hoeveelhede as gevolg van verandering aan te suiwer | I | rakke |
| 2.10 | Bestelling deur verskaffer erken | J | omgekeerde logistiek |
| | | K | bestelopsies |
| | | L | uitkiesery |

(10 × 1) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B**

**VRAAG 3**

3.1 Beskryf die eienskappe van die volgende vervoermodusse:

3.1.1 Pad (2)

3.1.2 Spoor (2)

**[4]**

## VRAAG 4

Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae.

Een van die kritiekste bestanddele van die materiaalhanteringsbedryf is die veilige vervoer van verpakte goedere van oorsprong na bestemming. Logistiek-operateurs in verskeie bedrywe moet die gerusstelling hê dat hul produkte in die bes moontlike toestand arriveer om vertragings te minimaliseer en kliënttevredenheid te verseker.

Om die veilige vervoer van verpakte goedere te fasiliteer, is Abzac Romania se kartontoebehore geskik vir 'n wye reeks toepassings. Abzac Romania, wat in 1928 gestig is, gebruik sy dekades lange kundigheid en doen voortdurend navorsing om spesifieke oplossings te vind vir elk van die bedrywe waarin die maatskappy sake doen, deur sy produkte by die vereiste toepassing aan te pas.

Een van die belangrikste stapelgoedere van Abzac Romania se produkaanbieding is die kartonhakie, wat pakkette beskerm en versterk deur middel van toegestane weerstand om die syee. Die eenvoudige ontwerp en robuustheid van die kartonhake stel hulle in staat om in verskeie bedrywe gebruik te word, insluitend die hout-, voedsel-, farmaseutiese en lugvaartbedryf.
Die maatskappy produseer ook innoverende kartonbuise, wat gebruik kan word in die papier-, plastiek-, tekstiel-, etiket- en kleefstof- of konstruksiebedryf. Hulle is ontwerp om in hul kliënte se individuele behoeftes te voorsien, hetsy ten opsigte van drukbestande dinamiese belading en vibrasie, radiale kompressie, of rigiede of smeebare materiale.

Al die oplossings wat Abzac Romania produseer, begin as groot kartonspoele, wat by hul pakhuis in Ploiesti, Roemenië, afgelewer word. Die maatskappy hanteer tussen 20 en 25 kartonspoele per dag, en werk in twee skofte tussen 07:00 en 24:00. Om sy hoë produktiwiteit te handhaaf, het Abzac Romania 'n materiaalhanteringsoplossing nodig wat sy swaardiens-aanwending kan maksimaliseer. Operateur- en toerustingwerkverrigting is 'n belangrike oorweging, asook om staaktyd van die materiaalhanteringstoerusting tot 'n minimum te beperk.

[ www.wepack.com]

4.1 Abzac Romania vervoer hul produkte per pad na hul pakhuis.

Noem VIER voordele van spoorvervoer wat Abzac Romania kan oorweeg. (4)

4.2 Noem VYF wette en/of organisasies wat met verpakkingsmateriaal vir kosprodukte in Suid-Afrika te make het. (5 × 2) (10)

4.3 Die gevallestudie dui aan dat Abzac Romania 'n materiaalhantering-oplossing benodig.

Adviseer Abzac deur drie voorraadbeheermetodes en twee voorraadverspreidingsmodelle (volgens klasse) aan te beveel. (10)

4.4 Noem VIER maniere waarop bestellings erken kan word. (4)

4.5 Noem kortliks SES aspekte om in gedagte te hou wanneer kliënte se klagtes hanteer word. (6 × 2) (12)
**[40]**

## VRAAG 5

5.1 Noem en verduidelik VYF metodes waarvolgens gebruikte produkte of materiaal verwerk kan word. (5 × 2) (10)

5.2 Noem VIER maniere waarop akkurate voorraadvlakke verseker kan word. (4 × 2) (8)

5.3 Adviseer Abzac Romania oor VYF gevare of risiko's wat gewoonlik met materiaalhantering verband hou. (10)

5.4 Noem VYF belangrike kommoditeite en goedere wat in die vraglogistiekbedryf aangekoop word. (5)

5.5 Abzac Romania het nog nooit enige uitdagings ervaar wat kliëntesorg betref nie.

Berei hulle voor vir toekomstige verwysing deur VIER dinge op te noem wat hulle moet vermy wanneer hulle met moeilike kliënte te doen kry. (8)
**[41]**

## VRAAG 6

6.1 Beskryf VYF maniere waarop gebruikte olie herverwerk kan word, en noem die voor- of nadele van elk. (5 × 2) (10)

6.2 Noem VIER voordele van papierkussings. (4)

6.3 Gee VYF aspekte van voorraadbestuur wat deur die kaartstelsel beheer word. (5)

6.4 Bespreek VYF tipes inligting wat in 'n ladingsbrief vervat word. (5 × 2) (10)
**[29]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 7

7.1 Definieer die konsep *waarheidsmoment.* (2)

7.2 Noem TWEE stukke wetgewing vir die beskerming van die omgewing tydens herwinning- en afvalverwyderingsbedrywighede. (2)

7.3 Beskryf die VIER items hier onder wat ’n rol in berging speel.

7.3.1



7.3.2



7.3.3




7.3.4




(4 × 1) (4)

7.4 Noem en verduidelik DRIE stappe wat in die administratiewe proses gedoen moet word om bates en goedere te koop. (3 × 2) (6)

7.5 Gee EEN afdeling wat 'n rol in instandhouding en diensondersteuning in 'n vraglogistiek-onderneming speel. (1)

7.6 Noem EEN beleidsdokument wat met terugsending te make het. (1)

**[16]**

**TOTAAL AFDELING B: 130**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou